

SIEN IS GLO OF GLO EN SIEN??

SKRIFLESING: HEB. 11:1

“Die geloof dan is ‘n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. “

INLEIDING

So baie word daar oor geloof gepraat. Wat ek vanoggend wil doen is om deur God se Woord jou geloof te versterk en uiteindelik dat ek en jy ons geloof vandag in aksie sal plaas.

Een aand het ‘n huis aan die brand geslaan en die jong seuntjie was geforseer om te vlug na die dak van die huis. Sy pa het buite op die grond gestaan met uitgestrekte arms en sy seun, aangemoedig om te spring. Spring ek sal jou vang. Hy het geweet die seun sal moet spring om sodoende te bly leef. Al wat die seun gesien het was die vlamme, rook. Hy kon glad nie sy pa daar onder sien nie. Hy het net sy stem gehoor. Hy was baie bang om die veiligheid van die dak te verlaat. Sy pa het aangehou om hom aan te moedig om te spring. Spring sê hy. Die seun sê ek kan nie, ek kan jou nie sien nie. Die Pa het geantwoord, ek kan jou sien en dit is al wat saakmaak.

Glo jy vanoggend dat die Here jou raaksien. Dat Sy arms uitgestrek is om jou te vang in die vuur.

2 Kor.5:7 “Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie. “

Jesus was nooit beindruk deur iemand se status, of wysheid of opvoeding nie, maar mense se geloof het Hom definitief beindruk.

Hy was beslis geraak deur mense se geloof. Baie maal het Hy die stelling gemaak. “Jou geloof het jou gered”.

1. GELOOF

Geloof is een van die hoof onderwerpe van die Bybel. +- 260 keer praat die Bybel van geloof. In die Boek Romeine praat Paulus 40 keer oor geloof in 35 verse. En in Hebreërs 36 keer in 32 verse.

Daarom praat Paulus die meeste oor geloof in die boek Romeine.

Romeine 1: 16-17 "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.
Rom 1:17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe. "

Die regverdige sal uit die geloof leef. Hy wat in die regte verhouding met God staan. Deur Jesus Christus nou in die regte verhouding met die Vader.

As kind van God. Daarom kan ons identifiseer met die seun op die dak. Ons Pa staan onder en sê spring.

Romeine 3: 10-12 "soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.
Rom 3:11 Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.
Rom 3:12 Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. "

Die mens was totaal verlore sonder die Here.

Romeine 3:23 "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, "

Romeine 5:6 "Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. "

Nou hoe het ons hierdie Saligheid deelagtig geword.

Romeine 3:22 "die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; "

Deur die **geloof** in Jesus Christus en oor almal wat **Glo**.

Net soos 'n Saligheid het ons nou ook 'n posisie.

Jy is Sy kind. Dalk is jy vanoggend op die dak. Die "Huis Brand"

Hy nooi jou uit. Spring!!!!

SLOT:

**JY SIEN HOM NIE, JY SIEN NIE DIE
UITKOMS NIE
HY SIEN JOU!!!!**

SPRING!!!!